# Gimmie Griffie

**9 Maart 2018**

***Webtuiste: www.gimmies.co.za*** **Uitgawe: 8**

## GEAGTE OUERS

Sterkte vir die eerste PUK-reeks-wedstryde wat die naweek teen Oosterlig plaasvind.

Die volgende ouers is tot die nuwe Beheerliggaam verkies:

Voorsitter: Mnr. Tom van Rooyen.
katbos@lantic.net
O/voorsitter: Mnr. Jan van Ravenswaay (Fondswerwing, Oud-Gimmiebond en Strategie). jvr@raventechcorp.com
Dagbestuurslid: Mev. Riana Vos (Dissipline en Regsaangeleenthede).
nwes1@fedsas.org.za
Mev. Helena Fourie (Finansies).
10223290@nwu.ac.za
Mev. Mariëtte Pienaar (Koshuise).
kobusmari@truenw.co.za
Mnr. GD Prinsloo (Kultuur, Akademie en Ouerskakeling). george@laeveld.co.za
Mnr. Cobus Mouton (Terrein en Geboue).
moutonjh@icloud.com
Mnr. Jean Verster (Sport).
jean.verster@nwu.ac.za
Mnr. Louis du Plessis (Bemarking).
lduplessis@innfront.co.za

Ons wens hulle alle sterkte en voorspoed toe en glo dit sal 'n baie geseënde tyd wees wat op hulle wag.

Die rapporteringskanaal vir akademiese navrae is eerstens die betrokke vak-onderwyser, departements- of graadhoof en dan die hoof of enige adjunkhoof. Vir enige buitekurrikulêre aktiwiteit moet u eerste die betrokke span of groep se voog (sal altyd 'n onderwyser wees) of daarna die organiseerder van die betrokke aktiwiteit kontak. Indien dit oor enige ander beheeraangeleentheid gaan, kan die betrokke beheerliggaamlid per e-pos gekontak word.

Ek wil net weer die volgende reëling vir uitteken van leerders bevestig. U moet **vooraf** met die hoof of betrokke adjunk-hoof reël en dan kan u die leerder kom haal en uitteken. Indien u nie vooraf gereël het nie, sal die kantoordames u versoek om persoonlik by een van die adjunkhoofde of hoof toestemming te kry. Niemand sal toegelaat word om saam met maats uit te teken as nie vooraf gereël is nie.

Die PUK-reeks-program teen HTS Witbank is reeds by die afrigters beskikbaar.

Gimmiegroete,
RA Oosthuizen

# VOLGENDE WEEK SE PROGRAM

**Dinsdag 13 Maart**
PUK-reeks: Tennis vs. Oosterlig
Ensemble-oefening
Toneeloefening
Graad 8-aksie

**Woensdag 14 Maart**
Kooroefening (18:00-20:00)
Vlekvry-aksie
Toneeloefening

**Donderdag 15 Maart**
Skyfskiet: Liga 1 (Fochville)

**Vrydag 16 Maart**
PUK-reeks (kleinersportsoorte): HTS Witbank (weg)
Toneeloefening

**Saterdag 17 Maart**
PUK-reeks: HTS Witbank (weg)
Skyfskiet: Liga 1 (Fochville)

# WINTERSPORTPROGRAM

Vrydag 9 Maart vs. Oosterlig (tuis)

**Seunshokkie**
15:00 o/16A
16:00 1ste span
Albei wedstryde vind op Astro A plaas.

Saterdag 10 Maart vs. Oosterlig (tuis)

**Rugby**

| Tyd | A-veld | Tyd | B-veld |
|---|---|---|---|
| 08:00 | o/14 A | 08:00 | 3de |
| 09:00 | o/15 A | 09:00 | o/16 B |
| 10:00 | 2de | 10:00 | o/14 B |
| 11:10 | o/16 A | 11:00 | o/15 B |
| 12:20 | 1ste | | |

**Netbal**

| Tyd | Baan 1 | Baan 2 | Baan 3 | Baan 4 | Baan 6 |
|---|---|---|---|---|---|
| 08:30 | 2de | o/17B | o/16B | o/15B | o/14B |
| 09:08 | o/17A | o/16A | o/15A | o/14A | |
| 09:45 | 1ste | | | | |

**Dogtershokkie**

| Tyd | Astro A | Astro B |
|---|---|---|
| 08:00 | 2de | o/15A |
| 09:00 | o/14A | o/15B |
| 10:10 | o/16A | o/14B |

# WINTERSPORT

Gimmies het die afgelope naweek tuis teen Ermelo vriendskaplike wedstryde gespeel. Die uitslae was soos volg:

**Rugby**
1ste wen 36-30
2de wen 25-5
3de wen 22-0
o/16A verloor 26-29
o/15A wen 50-0
o/15B wen 38-0
o/14A wen 21-19
o/14B verloor 0-43

**Netbal**
1ste wen 52-18
2de wen 30-5
o/17A wen 20-10
o/16A wen 26-9
o/16B wen 41-0
o/15A wen 36-9
o/15B wen 44-1
o/14A wen 18-7
o/14B wen 21-8

**Hokkie**
1ste verloor 2-3
2de verloor 0-1
o/16A wen 2-1
o/15A gelykop 1-1
o/15B wen 1-0

o/14A verloor 0-5

## SEUNSHOKKIE

Die seunshokkie (1ste en o/16's) het aan Curro Klerksdorp se toernooi vir 1ste spanne deelgeneem. Hul uitslae was soos volg:

**1ste**
Wen 3-0 teen HTS Klerksdorp
Wen 6-0 teen Lichtenburg
Wen 2-0 teen Gimmies o/16
Wen 2-1 teen Boys High
Gelykop 1-1 teen Ferdies
Wen 3-1 teen Curro Klerksdorp

**o/16 (speel teen 1ste spanne)**
Verloor 0-2 teen Gimmies
Verloor 0-1 teen Boys High
Verloor 0-3 teen Curro Klerksdorp
Wen 4-0 teen Lichtenburg
Gelykop 0-0 teen Ferdies
Gelykop 1-1 teen HTS Klerksdorp

## SWEM

Die volgende swemmers het medaljes tydens die Noordwes-skolekampioenskappe verower:

Botha du Toit (1 goud, 1 silwer, 2 brons)
Theo Ferreira (2 goud, 2 silwer, 2 brons)
Juandré Uys (2 silwer,1 brons)
Jack Cameron (1 brons)
William-Stephen Slaughter (1 silwer, 2 brons)

## MUURBAL

Baie geluk aan die volgende leerders wat gekies is om Noordwes by die *SA Country Districts Festival* te verteenwoordig: Charlotta Loggenberg, Gerhard Koornhof, Dylan Niemack, Phillip Jonker, Sonika Grobler, Wolfie Hamm en Elske Garbers. Elske en Wolfie het die afgelope naweek aan die Dunlop Bloem ope-muurbaltoernooi in Bloemfontein deelgeneem. Elske het eerste vir dogters o/14 en Wolfie vyfde vir seuns o/14 geëindig.

## ONDERWATERHOKKIE

Dawie Röntgen en Daniël van Wyk gaan vanaf 8 tot 10 Maart Noordwes by die SA-junior nasionale onderwaterhokkie-kampioenskappe verteenwoordig. Baie sterkte, julle twee.

## SPORTTOERUSTING

'n Vriendelike versoek word aan alle ouers wat dalk rugbystewels (*togg's*) het wat nie meer gebruik word nie, gerig om dit aan die skool te skenk vir gebruik deur seuns wat nie *togg's* het nie. Koot Booysen (078 201 0028) kan in hiérdie verband gekontak word.

Indien daar hokkiestokke en *shin guards* in onbruik by u huise is, sal ons dit hoog op prys stel as u dit vir die skool kan skenk.

Ons sal dit ook baie waardeer as ons ou netbalrokkies kan kry.

## WATERPROJEK

As gevolg van die knellende droogte in die Wes-Kaap gaan ons 'n waterprojek van stapel stuur. Verseëlde bottels water (gekoopte water) kan vanaf Dinsdag 6 tot Maandag 12 Maart by voogpersoneel afgegee word. Mev. Rosemary Fouché (082 059 7007) kan ook vir verdere navrae gekontak word.

Ons sê baie dankie vir Deoné Hanekom (gr. 10) vir hierdie inisiatief.

## STUDENTEKAMERS

Daar is studentekamers (slegs dames) teen R3600 per maand beskikbaar. Belangstellendes kan mnr. Johan Benson (koshuisvader) kontak. Dit is loopafstand van die universiteit en sluit alle etes in.